

Sing vooraf staande: Psalm 65:5 (p. 315)

- 5 U demp die bruising van die bare / in donker storme-weer;
die woeling van die volkeskare / lê U met een woord neer.
U almag ken geen paal of perke, / geen grens het u gesag;
die verste volk vrees vir u werke / as tekens van u mag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:12 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

Gebed

- **Doksologie**
- **Aanbidding**
- **Skuldbelydenis**

Vergifnis

- **Dank**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens**

Amen.

Psalm 105:15 (p. 517)

- 15 Maar God stuur Moses, wat tevore / deur Hom met Aron was verkore.
Hul twee voer toe Gods raadsbesluit / deur tekens en deur wonders uit;
hul toon aan Gam se ganse land / die strawwe van sy strenge hand.

Skriflesing: Matteus 16:1-11; Markus 8

Teks: Markus 8:12b

**Toe sug Hy swaar in sy gees en sê: Waarom begeer hierdie geslag 'n teken?
Voorwaar Ek sê vir julle, aan hierdie geslag sal sekerlik geen teken gegee word nie.
(Markus 8:12 AFR1953)**

'n Mens loop nie heeldag en tekens vra vir elke ding wat die Here van jou vra om te glo nie. Die ware
geloof rus in die vertrou op die onsienlike.

- 1. Die Fariseërs en die uiterlike godsdiens**
- 2. Eiegeregtigheid die gevolge van uiterlike godsdiens**
- 3. Die Here Jesus Christus en geloof**

1. Die Fariseërs en die uiterlike godsdiens

Hierdie geskiedenis gebeur net nadat die Here die vierduisend mense in die omgewing van Tirus en
Sidon gevoed het.

- Die Here het toe die mense huis toe gestuur, maar Hy en die dissipels is terug na Galilea toe.
- Die oomblik toe die Here weer in die omstreke van Galilea kom, toe val die Fariseërs en Sadduseërs Hom weer lastig – hulle begin dadelik om met Jesus te twis oor die dinge wat Hy doen.

Die evangelie volgens Markus vertel net dat dit die Fariseërs was wat die Here begin ondervra het. Die ander evangelies wat ook hierdie geskiedenis beskryf, vertel dat die Sadduseërs deel was van die afvaardiging.

- Die Sadduseërs was normaalweg op die agtergrond.
- Hulle het die priesters verteenwoordig en hulle was ook die meerderheid in die Joodse Raad (Sanhedrin) in Jerusalem.

Die Fariseërs en die Sadduseërs het nie goed klaargekom nie.

- Hulle was voortdurend in 'n getwis oor die verklaring van die wet.
- Die Fariseërs het geglo aan die bestaan van engele en die lewe na die dood – terwyl die Sadduseërs nie geglo het aan engele en aan die lewe na die dood nie.
- Juis dit laat mens beseef hoe fel die aanslag teen die Here was omdat hierdie twee groepe vyande saamspan teen Hom.

Hulle het – as geestelike leiers – die prediking en optrede van Jesus natuurlik glad nie goedgekeur nie.

- Mettertyd het hulle agtergekom dat die Here Jesus nie hulle toestemming en goedkeuring nodig gehad het vir wat Hy doen nie.
- Hy het met ander gesag as hulle s'n opgetree.

Slinks soos hulle was, het hulle toe beplan om die Here in die openbaar vas te vat.

- Daarom moet Hy vir hulle 'n teken uit die hemel gee.
- Dit beteken dat Hy daarvoor hulle 'n sigbare en tastbare teken moet doen – 'n regstreekse teken uit die hemel wat sal bewys dat God Hom gestuur het.
- Hulle eis dus dat God uit die hemel met iets moet bewys dat Hy guns verleen aan Jesus en dat Hy saamwerk in sy optrede.

Moses het manna uit die hemel laat neerdaal.

- By Sinaï het God met 'n stem uit die hemel die gesag van Moses bevestig. Jesus moet ook so iets doen.
- Dan sal hulle Hom erken en in Hom glo.

Dit het egter nie gegaan oor die **geloof** van die Fariseërs nie. Dit het eintlik gegaan oor hulle **ongeloof**.

- Daarom stel die Bybel dit so dat die Fariseërs die Here *versoek* het.
- Dit was glad nie 'n saak om tot geloof te kom nie, maar 'n poging om die Here aan te val en te verneder.

Hulle het geredeneer dat die Here Jesus mos sê dat Hy uit die hemel is, en daarom moet Hy ook 'n teken uit die hemel kan gee.

- Daarom is hulle hele benadering ook vals. Hulle maak hulle geloof van 'n teken afhanklik.
- Dis natuurlik altyd die weg van ongeloof om jou geloof van bepaalde voorwaardes afhanklik te maak.

2. Eiegeregtigheid die gevolge van uiterlike godsdiens

Die situasie het dus ontstaan waarin die Fariseërs hulleself as regters aangestel het oor die Here Jesus.

- Hulle sou Hom beveel om 'n teken te gee en dan sou hulle die saak beoordeel.
- In effek kom dit daarop neer dat sondige mense die maatstaf sou aanlê om te besluit of die Here se Seun die Messias is of nie.

Enige mens kan sien dat dit hier gaan om eiegeregtigheid en verwaandheid.

- Die Fariseërs het geweldig baie van hulleself gedink – soveel dat hulle in hulle eie oë meer werd was as waarvoor die Here hulle gewaardeer het.
- Hulle hele optrede hier teen die Here gaan ook daaroor dat Hy met sy prediking hulle verwaandheid en ook hulle ongeloof aan die kaak gestel het.

Die Here Jesus het net diep gesug.

- Hy was in werklikheid hartseer daaroor dat gelowiges hulleself so kon bedrieg.
- En dat hulle in hulle blindheid dink en glo dat hulle alsiende is.
- Dis eintlik verskriklik as mens beseft dat mense wat geestelik blind was, wou kom kyk of Jesus die Here is.

Waarom begeer hierdie geslag 'n teken?

- Let daarop dat die Here nie die vraag beantwoord nie.
- Die feit dat die Here die antwoord weglaat, onderstreep die saak sterker.
- Hulle het mos genoeg gesien van sy mag en van sy grootheid!
- En hulle het nie net gesien nie – hulle het gehoor ook toe Jesus gepreek het.

Maar dit was juis die probleem!

- Hulle het dinge gesien en gehoor wat hulle nie aangestaan het nie.
- Die dinge van Jesus se almag wat hulle gesien het, het hulle laat beseft hoe klein en magteloos hulle is.
- Dit het hulle ook in hulle sondes ontdek. Daarvan het hulle niks gehou nie.

In sy antwoord sluit Jesus aan by hulle verwysing na die hemel.

- Hy steek sy hand uit na die hemelruim en sê dat hulle weet hoe om die tekens in die lug te vertolk.
- As die lug rooi is in die aand, dan verwag hulle mooiweer.
- As die lug in die oggend donkerrooi is, voorspel hulle stormweer. Die natuur kan hulle verstaan.

Maar as hulle by geestelike dinge kom, kan hulle niks verstaan nie omdat hulle net op uitwendige dinge ingestel is.

- Die oorfloedig baie wonderwerke wat die Here Jesus al gedoen het, waarvan hulle weet, getuig tog nie van menslike vermoëns nie.
- Hulle moes kon sien dat dit God is wat aan die werk is.

Daarby moes hulle as kenners van die Skrifte die eerstes gewees het wat die optredes van Jesus Christus in verband kon bring met die profesieë oor die Messias.

- Johannes die Doper het hulle al daarop gewys dat die beloftes oor die Messias vervul word in Jesus Christus.
- Hulle kon dit egter net nie raaksien nie.

Die Jode het maar die geneigdheid gehad om hulle geloof te veruiterlik.

- Hulle wou altyd vir alles 'n teken sien voordat hulle bereid was om te glo.
- Daarom staan daar in 1 Korintiërs 1:22 ook geskryf dat die Jode 'n teken soek wanneer hulle die evangelie van Jesus Christus hoor.

want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, (1 Korintiërs 1:22 AFR1953)

Die Here wat die harte van mense ken, het dus ook besef dat hierdie soeke na 'n teken bloot staan in die skyn van reg.

- Werklike geloof was daar nie by hierdie Fariseërs nie.
- 'n Teken sou geen bydrae lewer tot hulle bekering nie, want die tekens wat hulle reeds gesien het, het gelei tot hulle verharding.

1 Korintiërs 1:23 stel die saak waaroor dit gaan: Die Here Jesus Christus en die geloof in Hom staan teenoor uiterlike tekens.

maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; (1 Korintiërs 1:23 AFR1953)

- Dis waarom die Here Jesus ook in hierdie geval nie aan die Jode 'n teken gegee het nie, en waarom Hy bloot van hulle af weggegaan het.
- Hierdie ding om alewig uiterlike tekens te wil sien staan teenoor die aard van die ware geloof.
- Die Here het dit baie duidelik gestel toe Hy vir Thomas gesê het:

Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het. (Johannes 20:29 AFR1953)

Die ware geloof appelleer op vertroue:

- Jy moet vertroue hê in dit wat die Here jou in sy Woord verseker.
- Geloof vra dat jy onvoorwaardelik gehoorsaam moet wees aan dit wat God vra – nie op voorwaarde dat die Here dit eers met 'n teken bevestig nie.

3. Die Here Jesus Christus en geloof

Die Here Jesus het hierdie dag van hulle af weggedraai, sonder om 'n teken te gee.

- Hy wou hulle goed laat verstaan dat geloof 'n saak van die innerlike is.
- Ons lees in Matteus 16 dat die Here die groep wat Hom versoek het, 'n slegte en owerspelige geslag noem.
 - Hulle is nie meer die bruid van die Here nie.
 - Hulle is sleg en deurtrek van die sonde.
 - Hulle het geword soos 'n vrou wat owerspel pleeg – met ander woorde, 'n ontroue bruid.

Tog het die Here Jesus hulle 'n teken gegee!

- Hy het vir hulle gesê dat hulle mos die teken van Jona het.
- Die teken van Jona was dat Jona drie dae in die vis was, en toe in die lewe teruggekom het.

Daarmee het die Here Jesus voorspel dat Hy sou sterf en na drie dae opstaan.

- Toe die Here Jesus gesterf het, het Hy na drie dae opgestaan.

- Die bedoeling van die Here was dat as dit gebeur, hulle moes verstaan dat die teken uit die hemel is wat voor hulle oë gebeur.

Dis net krag en mag uit die hemel wat uit die lewe kan uitgaan wanneer Hy wil, en wat ook weer lewe uit die dood kan gebied wanneer Hy wil.

- Net iemand uit die hemel kan sterf en lewendig word.
- As die Fariseërs enige insig sou hê, sou hulle weet dat die beloftes van sondeversoening ook hierin in vervulling gegaan het.

Die teken van Jona was 'n voorspelling dat die Here lewe uit die dood sou verwek – nie net in die Persoon van die Messias nie – ook vir die wat aan Hom behoort.

- Die Here het daarmee voorspel dat Hy die straf van die dood sou dra sodat die gelowiges nie in die dood hoef in te gaan nie.
- Die teken van Jona was egter ook soos 'n skeiding onder die mense:
 - Sommiges kon hierdie teken sien en verstaan.
 - Ander kon dit nie sien nie en ook nie verstaan nie – omdat dit in hierdie teken gaan oor geloof. Net in die geloof kan die opstanding van Jesus Christus gesien en verstaan word.

In die laaste tyd spring daar oraloor nuwe gelowe op. Mens maak kontak daarmee in die media – koerante en selfs oor die televisie.

- Baie van hierdie godsdienste floreer net op uiterlike dinge – allerhande tekens, soos genesing van siekes, spreek van tale, en allerlei wonderwerke.

Die Here maak dit baie duidelik dat 'n godsdienste wat net op uiterlike tekens rus, ook rus op die mens se oordeel.

- Dit word 'n godsdienste waarin jy die maatstaf aanlê en waarin jy besluit hoe jy die Here wil dien.
- Dit word ten diepste 'n godsdienste waarin die mens wil oordeel of God God is.

Die mens lê 'n toets aan wat die Here eers moet slaag voordat Hy as God aanvaar word. Soos die Fariseërs wat geëis het dat die Here Jesus vir hulle 'n teken uit die hemel moet gee.

In die ware geloof gaan dit oor kennis van die Skrif.

- Daarmee saam gaan dit daarvoor dat jy hierdie kennis moet kan gebruik en verstaan.
- Jy moet uit die Bybel uit die tekens in die geskiedenis kan lees en sien hoe God sy raadsplan ontplooi.
- Jy moet kan sien dat die Here Jesus aan jou openbaar dat Hy God is – sonder dat daar elke dag vir jou tekens gegee word.
- Jy moet kan sien dat Hy vir jou gesterf het en ook met sy opstanding aan jou die ewige lewe gee.

Voorwaar Ek sê vir julle, aan hierdie geslag sal sekerlik geen teken gegee word nie.
(Markus 8:12 AFR1953)

Onthou dat die Here die groep wat hom versoek het, 'n slegte en owerspelige geslag noem. Juis omdat dit vir hulle oor die kwessie van 'n teken gegaan het.

- Die veruiterliking van hulle geloof maak dat hulle nie meer die bruid van die Here is nie.
- Mense wat in so 'n toestand is, word deur die Here beskryf as sleg en deurtrek van die sonde.
- Hulle het geword soos 'n vrou wat owerspel pleeg.

Onthou daarby dat ons die Here weer verwag en dat die vereniging tussen die kerk en die Here beskryf word as die bruilof tussen die Here en sy bruid.

Glo dan soos die bruid in die egtheid en die waarheid van die Bruidegom.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 128:1 (p. 627)

1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 7 Maart 2010